


Wat sal met my geliefde gebeur wat ernstig siek is in die hospitaal met COVID-19?

Almal is nie dieselfde nie, so dis nie maklik om te weet wat sal gebeur nie. Jou geliefde kan sieker word of hulle kan gesond word. Hier is inligting wat jou kan help om te verstaan wat hulle dalk ervaar, wat jy dalk voel en wat die beste manier is om veilig in kontak te bly. As jy nog nie gereed voel om hierdie inligting te lees nie, kan jy dit weer op 'n ander keer lees.



Wat ervaar my geliefde dalk?

Jou geliefde haal dalk moeilik asem, kan moeg wees en pyn en naarheid het. Hulle kan verward wees of bekommerd, eensaam of verveeld voel. Hulle het dalk komplikasies van hul bestaande chroniese toestand as hulle diabetes, hoë bloeddruk, of long- of hartprobleme het.



Wat is beskikbaar om simptome te verlig?

- As hulle moeilik asemhaal, sal hulle deur middel van 'n masker of pypies onder die neus suurstof ontvang. As hulle sukkel om op hul eie asem te haal, het hulle dalk 'n ventilator nodig om hulle te help asemhaal. Daar is nie 'n geneesmiddel vir COVID-19 nie, maar daar is wel medikasie wat diegene met ernstige COVID-19-longontsteking help om beter te raak.
- Indien nodig, sal hulle medikasie vir pyn en naarheid ontvang.
- Die medikasie kan jou geliefde lomerig of deurmekaar maak.
- Jou geliefde het dalk 'n drup om seker te maak dat hulle genoeg vloeistof kry.
- Hulle het dalk ook behandeling nodig vir hul bestaande chroniese toestand.

Wes-Kaapse COVID-19-blitslyn 080 928 4102 (tolvry)



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG

**GAAN
VOORT**

Hoekom kan ek nie gaan besoek aflê nie?

- Hospitaalregulasies om te keer dat die koronavirus versprei, sal jou verhoed om jou geliefde te besoek, al is hulle ernstig siek. Dit is baie moeilik, want om ander mense in persoon te vertrou is 'n belangrike deel van hoe ons gewoonlik vir mekaar omgee.
- As jy in die afgelope 10 dae kontak gehad het met jou geliefde, het jy dalk ook koronavirus opgedoen, selfs al voel jy gesond. Jy moet in kwarantyn (afsondering) wees om te voorkom dat ander mense aangesteek word.



Sal my geliefde gesond word?

- Die meeste mense wat in die hospitaal opgeneem word vir COVID-19 word heeltemal gesond. Selfs al verswak hul toestand, kan hulle weer beter word.
- Afhangend van jou geliefde se ouderdom en die chroniese toestande wat hulle het, het hulle dalk 'n groter kans om ernstige COVID-19 te kry wat dit moeilik sal maak om gesond te word.
- As jou geliefde ventilator-ondersteuning nodig het of te swak is om 'n ventilator te hanteer, is daar 'n groter kans dat hulle dalk nie sal gesond word nie.
- As jou geliefde waarskynlik nie sal herstel nie, sal die gesondheidsorgspan besluit om palliatiewe sorg te verskaf sodat jou geliefde so min as moontlik lyding en pyn voel.
- As jy bewus is van enige laaste wense (soos om nie op lewensondersteuning te wees nie), maak seker dat jy jou geliefde se gesondheidsorgwerkers hiervan inlig.

Wat kan ek doen?

Dit sal moeilik wees om jou geliefde te ondersteun as jy nie by hulle kan wees nie. Jy moet nou fokus op die beste manier om hulle onder die omstandighede te ondersteun. Kommunikeer telefonies of deur middel van video-oproepe met jou geliefde:

- As jou geliefde nie in staat is om dit te reël nie, skeduleer 'n tyd met die hospitaalpersoneel.
- Sorg dat jy genoeg data het vir 'n WhatsApp-oproep.
- Jy sal dalk 'n paar familieledede bymekaar wil kry vir die oproep.
- Selfs al reageer jou geliefde nie, hou aan praat want hulle kan jou dalk hoor. Jou woorde en bekende stem sal vertroostend wees.



Dit gaan baie moeilik wees om die onsekerheid en kommer te hanteer. Wees asseblief geduldig met die gesondheidsorgwerkers wat jou geliefde versorg: hulle is baie besig en dit is moeilik vir hulle om presies te weet of jou familielid sal gesond word of nie.



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG

**GAAN
VOORT**